Saam boer ons vooruit
Farming together for success
www.laeveld.co.za

Pat Loots

Area: Limpopo en Noordwes

T: 082 494 0989 / E: pat@laeveld.co.za

Gewasse: Graan, tabak, bosbeheer met weiding
Aanbieding: Oesbeskerming, bosbeheer

Pat Loots is 'n Bosvelder in murg en been. Sy oupa het in 1887 sy eerste tree in die ou Ellisras gegee en sy pa is ook in 1929 in dié dorp gebore. Hy het in 1972 by Hoërskool Brandwag in Benoni gematrikuleer. Hierna het hy homself bekwaam as 'n instrukteur in die Infanterieskool in Heidelberg en Oudtshoorn in 1973/74. Sy weermagdae het die grondslag gelê vir sy lewe tot vandag, want hy pas dit wat hy daar geleer het nog steeds toe in sy landbouchemiese loopbaan.

In 1982 het hy en sy familie hulle in Nylstroom gevestig, waar hy al sedert 1975 in die chemiese bedryf werk. Die maatskappye Fisons en FBC (dieselfde maatskappy, slegs 'n naamsverandering) is tot vandag nog sy basis. Hy het tydens sy diensjare by FBC sy CropLife-kwalifikasie (AVCASA) verwerf. Sy twee dogters, Delmarié en Anneke, het ook ná hul universiteitsopleiding by sy chemiese maatskappy, Avello, aangesluit.

Hy het uitstekende kennis van graangewasse in die ou Wes-Transvaal, asook tropiese en subtropiese gewasse in Nelspruit en die ou Oos-Transvaal. Hy het 'n passie vir tabak-boerdery, asook kennis van tabakverbouing met die volle reeks van chemiese behandelings in die Vaalwater- en die Waterberg-gebiede.

In die 46 jaar wat hy al landbouchemiese produkte bemark, het hy wye kennis ten opsigte van grond en gewasse opgedoen. Hy kan dus 'n groot rol speel in die vooruitgang en aanpasbaarheid van enige boerdery.

Pat is ook bekend in die wildbedryf regoor Suid-Afrika, waar hy veral met die opleiding van plaaswerkers baie insette lewer tot Wildlife Ranching South Africa (WRSA). Hy het meer as 150 trofeë in sy trofeekamer, en spog met 'n toekenning as die Suid-Afrikaanse jagter wat die meeste spesies in Afrika gejag het. Hy besit 'n jagplaas met 30 jagspesies, asook 'n krokodil-plaas in die Brits-omgewing. Hy deel graag sy breë kennis oor wild met ander boere.

Die .375 en 30.06 is nie altyd die beste kaliber gewere nie, maar hulle het hom nog nooit teleurgestel in die jagveld nie. Net so sal hy met sy kennis ook nie sy kliënte op die gebied van veldverbetering teleurstel nie.

Pat het hom die afgelope vyf jaar al hoe meer toegespits op bosverdigting op plase en om hierdie probleem te help uitroei. Met sy kennis en ondervinding van die uitroei van indringer- en giftige plante, wat reeds vanaf 1975 begin het, is sy passie vandag nog soos in die beginjare.

Die nuwe produk in Laeveld Agrochem se bosverdigtings-produkreeks, genaamd Sendero 336 SL van Corteva Agri-science, het sy passie tot sukses weereens geprikkel. Hy glo dat daar met elke aksie in die natuur 'n teenreaksie sal wees, en daarom glo hy nuwe produkte en nuwe ontwikkelings vir beter weiding is baie belangrik in bees-, skaap- en wildboerdery.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.